

Woensdag 24 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 130	Fokusgedeelte: Psalm 130:7
--------------------------	----------------------------

Ons wag op die Here

Die kind van die Here moet deeglik bewus wees van hoe groot sy ellende is. Dit is trouens die eerste stukkie kennis wat die gelowige kind van die Here moet hê om getroos voor die aangesig van die Here te leef. Die pelgrim wat na die huis van die Here gaan, erken in Psalm 130 hoe diep hy in sy sonde en ellende geval het, daarom kan hy alleen maar op die verlossing van die Here wag.

Daar kan nie met sekerheid gesê word wie die digter van hierdie boetpsalm is nie, maar dit is duidelik dat hy dat hy diep onder die indruk van sy sonde is terwyl hy tog op die verlossing van die Here wag. Wanneer hy in die diepte van sy sonde gans en al verlore voel, verhard hy hom nie in sy verkeerde weë nie, maar hy roep tot die Here, want dit is sy enigste hoop. Sy ellende is vir hom soos die dieptes van die see waar daar geen vastrapplek is om self uit te kom nie. Sy enigste hoop is om deur die Here uit hierdie diepte uitgeruk te word.

Hierdie realiteit van die digter is die realiteit van elke mens in sy sondige natuurlike toestand. Martin Luther het die boetpsalms beskryf as die Psalms van Paulus, omdat hy so diep onder die indruk van sy eie sonde was. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom. 3:20).

Die uitkoms vir die mens is nie sy eie vermoëns nie, maar om op die Here te wag. Soos die wagter op die môre wag, moet die mens op die Here wag. Die wonderlikste troos is dat ons nie verniet op die Here wag asof verlossing uit ons ellende net 'n moontlikheid is nie. In die volheid van die tyd het die Here die verlossing deur die geboorte van die Verlosser gegee, sy eniggebore Seun het die oorwinning oor die magte van die dood behaal sodat ons nou kan lewe. En nou lewe ons sodat sy Naam verheerlik kan word.

Psalm 130-1:1, 4

Ds. C Jooste (Christiaan) (Waterberg)